Begroot *reg*

DEUR *Cherice Smith en Aleit Swanepoel*

Begrotingsriglyne en die belangrikste wetsaspekte van trou

SKRYFBEHOEFTES	R
Uitnodigings en koeverte	
Posgeld	
Kerk- en/of sangprogram	
Sitplekplan	
Pleknaamkaartjies op tafels	
Spyskaarte	
Bedankingskaartjies	
TOTAAL	

BY DIE KERK OF SEREMONIE-LOKAAL	R
Huur van die kerk of lokaal	
Predikant/ Huweliksbevestiger	
Koster	
Musiek voor, tydens en ná die seremonie	
TOTAAL	

UITRUSTINGS	R
Trourok	
Skoene	
Bykomstighede (soos juweliersware)	
Bruidegom se klere	
Gevolg se klere	
TOTAAL	

BLOMME EN BELIGTING	R
Dekor vir die voor-seremonie-lokaal	
Rangskikkings in die kerk of onthaalplek	
Beligting vir voor in die kerk	
Blom-detail vir die kerkbanke en/of paadjie	
Rangskikkings by die onthaal	
Atmosferiese beligting (veral vir die dansbaan)	
Bruidsruiker	
Strooimeisies se ruikers	
Blommemeisies se ruikers	
Boutonniers en skouerruikers	
Confetti	
TOTAAL	

FOTOGRAFIE EN VIDEOGRAFIE	R
Fotograaf	
Videograaf	
Trou-album	
Foto's op CD	
Vergrotings	
Vervoerkoste van diensverskaffers	
Moontlike oortyd van diensverskaffers	
TOTAAL	

ONTHAAL	R
Orkes/DJ	
Musiek tydens die voor-onthaal-drankies	
Spyseniering (ook happies vir die voor-onthaal-drankies)	
Tafelgeskenkies	
Troukoek	
Huurgeld vir perseel	
Huur van tafellinne, eetgerei/breekware	
Moontlike oortyd vir lokaal	
TOTAAL	

ANDER UITGAWES	R
Hare en grimering	
Troumotor	
Prokureur	
Ringe	
Wittebrood	
Alle bykomstighede	
TOTAAL	

Volgens wet

Die regsaspekte van trou is nie die opwindendste deel van jul troureëlings nie, maar tog is dit uiters belangrik. Dink goed na oor watter "huweliksgoedere-bedeling" julle kies, want agterna kan dit slegs verander word deur 'n bevel van die Hooggeregshof, wat baie geld kos. Daar is drie huweliksbedelings:

1 Binne gemeenskap van goedere
Jul twee boedels word saamgesmelt en elkeen het die reg op die helfte van jul gesamentlike boedel. Dit beteken dat elke party vir die ander een se skulde verantwoordelik gehou kan word. Indien daar nié 'n huweliksvoorwaarde-kontrak (HVK) voor die huwelik aangegaan word nie, is julle in SA outomaties binne gemeenskap van goedere getroud.

2 Buite gemeenskap van goedere
Dit kom tot stand deur 'n HVK. Elke party het finansiële onafhanklikheid in terme van hul eie bates en het geen aanspraak op die eggenoot se boedel as die huwelik sou verbrokkel nie.

Blaai om >

ALEIT WEDDING COORDINATION, ALIDA VOS LA GRANGE, *AMERICAN SWISS EN SARIE SE BRUIDSBOEK*, HUMAN & ROUSSEAU, 1983.

Begroting2.indd 3 8/7/08 7:03:48 PM